Seeskulpie
LANGEBAAN

" Waar kinders die reg het om hulle potensiaal ten volle te ontwikkel en uit te leef"

Prospektus

Posbus 306

Langebaan

7357

Telefoonnommer: (022) 772-0302

E-pos Adres: admin@seeskulpie.co.za

Webwerf: www.seeskulpie.co.za

INHOUD

1. Verwelkoming deur die skoolhoof
2. Missie en doelwitte
3. Algemene inligting
    a. Skoolure
    b. Ontwikkelingsprogram
    c. Middagete en happie
    d. Nasorgprogram
    e. Vakansies
    f. Bring van kleuters
    g. Afhaal van kleuters
    h. Onderwyseresse
    i. Ouers se kontakbesonderhede
4. Finansies
5. Skoolorganisasie
    a. Jaarprogram
    b. Nuusbriewe en kommunikasie
    c. Skoolbywoning en medikasie
    d. Uitstappies
    e. Kleredrag en skoolsak
    f. Verversings en kospakkies
    g. Vorderingsverslag
    h. Ouer kind verhouding en ondersteuning
    i. Speelgrond en speelgoed
    j. Afval en rommel
    k. Temas
    l. Verjaarsdae
    m. Sekuriteit
    n. Dissipline
6. Orde-kode vir kleuters van Seeskulpie
7. Orde-kode vir ouers van Seeskulpie
8. Skoollied

VERWELKOMING DEUR DIE SKOOLHOOF

Skulpieskool by Longacres en sy personeel is trots om julle by ons familie te verwelkom. Seeskulpie spog met 'n veilige en stimulerende omgewing waarin u kleuter kan leer en ontwikkel. Seeskulpie se klaskamers is ruim en bied uitstekende geleenthede vir kreatiewe leerervarings.

Ons vertrou dat u as ouers, sowel as u kleuter(s) aktief sal deelneem en inskakel by die aktiwiteite en geleenthede wat Seeskulpie en Longacres Privaatskool bied en dat dit genotvolle jare saam met ons sal wees. Met die oog op ons missie en die bereik van ons doelwitte het ons u volle ondersteuning nodig.

Dit is ons wens hier by Seeskulpie dat u gerus sal voel om u kosbare skulpie in ons sorg te laat.

MISSIE EN DOELWITTE

- Seeskulpie is 'n tweetalige privaatskool met Christelike waardes en uitmuntende standaarde
- Seeskulpie is 'n familie georiënteerde skool en ons moedig ouerdeelname ten alle tye aan
- Seeskulpie streef daarna om die kleuter as 'n individu te behandel en elkeen se potensiaal ten volle te ontwikkel
- Dat daar deur die gebruik van verskeie onderrigstrategieë in kleuters se behoeftes voorsien sal word

- Die kleuter voor te stel aan die wêreld van spel en uitdagings
  - Die kleuter se waardesisteem uit te brei en te vestig
  - Elkeen lief te hê en te versorg na die beste van ons vermoë
  - Die kleuter te leer om God lief te hê en die skepping te waardeer

- Die kleuter voor te berei vir formele skoolonderrig. Altyd die kind se veiligheid en welsyn eerste te plaas. 'n Totaliteitsbenadering word gevolg met spesifieke verwysing na:

  Geestelike norme en waardes

  Sosiale vaardighede

  Emosionele ontwikkeling

  Fisiese ontwikkeling

  Kognitiewe ontwikkeling

  Taalontwikkeling

ALGEMENE INLIGTING

Skoolure:	Halfdag:	08:00 – 12:00
	Graad R Halfdag	08:00 – 12:45
	Verlengde Halfdag:	08:00 – 14:00 (wagklas)
	Nasorgsentrum:	tot 17:00

Ontwikkelingsprogram

Ons akkommodeer babas vanaf 3 maande. Die kleuters tot op 2½ jaar is saam ingedeel en vanaf 3 jaar is daar vir elke ouderdomsgroep 'n klas.

In sommige gevalle het ons beide 'n Engelse en Afrikaanse klas, afhangend van die behoefte wat ontstaan deur die jaar.

Die **dagprogram** sal min of meer die volgende insluit. In elke klas is sy eie aangepaste program op die kennisgewingbord.

07:30 - 08:00	Aankoms, vryspel en gesondheidsondersoek
08:00 - 08:30	Godsdiensonderrig, temabespreking en weer
08:30 - 09:00	Klanke
09:00 – 09:50	Skeppende aktiwiteite
09:50 – 10:00	Opruim
10:00 – 10:15	Toiletroetine en verversings
10:15 – 11:00	Buitespel
11:00 – 11:50	Binnespel, opvoedkundige speletjies, musiek, beweging
11:50 – 12:00	Syfervaardigheid
12:00 – 12:15	Storie en fantasie / Uitdeel van briewe, opruim van klas

- *Dieredag, snoepie en organiese tuinbou: 1x per week*
- *Bak-en-brou: 2x per kwartaal*
- *Poppekas: 1x per kwartaal*
- *Besoekers ter aanvulling tot 'n tema: 4x per jaar*
- *I-pad klassies vir Graad R leerders: 1x per kwartaal*

Leerderervarings sluit die volgende in:

- Kreatiwiteit
- Sosialisering
- Geletterdheid
- Syferkundigheid (tussen 45 en 180 minute per dag)*
- Taalkundigheid (tussen 30 en 90 minute per dag)*

*Tyd spandeer word volgens ouderdomsgroep uitgewerk.

- Lewensvaardigheid
- Omgewing
- Beweging
- Musiek

Aanpasbaarheid is belangrik vir 'n goed gebalanseerde en gemaklike voorskoolse program. Enige aktiwiteite kan verkort of verleng word om die beste in ons kleuters se behoeftes te voorsien.

Middagete en happie

Seeskulpie bied voorbereide maaltye volgens 'n uitgewerkte spyskaart om in die kinders se voedingsbehoeftes te voorsien. Na rustyd ontvang die kinders 'n happie.

Nasorgprogram

12:30	Middagete, voorberei deur Seeskulpie
12:30 – 13:00	Vryspel buite onder personeeltoesig
13:00 – 13:15	Toiletroetine
13:15 – 15:00	Rustyd en slaap
15:00 – 15:30	Eie kospakkies, wat oor is van oggendhappie
	Seeskulpie happie
15:30 – 16:30	Vryspel buite
16:30 – 17:00	Opruim, Storie, DVD

Vakansies (met 'n vakansieprogram)

Die Nasorgsentrum is slegs op publieke vakansiedae en naweke gesluit. Tydens die Desember vakansie sluit Seeskulpie vanaf 15 Desember vir een maand vir ons personeel se jaarlikse verlof.

Tydens die gewone skoolvakansies kan u kleuter die nasorg bywoon op dieselfde basis as gedurende die kwartaal, m.a.w. halfdag tydens die ontwikkelingsprogram, dan halfdag tydens vakansies.

Bring van leerders

Ouers mag vanaf 07:00 die kleuters by die skool aflaai. Om die leerlinge se veiligheid te verseker, moet die ouers die kind tot by die klaskamer vergesel waar daar 'n toesighouer is. Moet asb nie u kleuter by die voordeur of parkeerarea afsien en vertrek nie. Kleuters mag nie alleen op die stoep staan en wag nie.

Ry asb ons parkeerruimte stadig binne, sodat ons almal se veiligheid in ag geneem word.

Afhaal van kleuters

Die veiligheid van ons kleuters is altyd ons eerste prioriteit. Die kleuters moet by die klaskamers afgehaal word. Geen kind sal toegelaat word om die Seeskulpie gebou sonder sy ouer of juffrou se toesig te verlaat nie. Die ontwikkelingsprogram vir Graad R eindig om 12:45 en vir die ander ouderdomme om 12:00.

Skakel asb die skool of stuur 'n sms indien u nie betyds kan wees nie of wanneer iemand anders gestuur word. Moet asb glad nie aan u kleuter beloftes maak wat u nie kan nakom nie.

Beskikbaarheid van onderwyseresse

Onderwyseresse is tussen 12:15 en 13:00 beskikbaar indien u sake het om met hulle te bespreek.

Nasorg-onderwyseresse is beskikbaar vanaf 13:00 tot 17:00.

Al het u die klasonderwyseres se selfoonnommer is dit steeds belangrik om bedags die kantoor te skakel. Die juffrou moet na die kinders omsien en kan nie altyd met u oor die foon gesels nie. U boodskap sal in 'n boek geskryf word sodat die juffrou dit kan kry.

Indien u ons in die klas wil besoek kan u tussen 09:00 en 11:00 by die kantoor aanmeld. U kan die geleentheid kry om te sien wat ons in die klas doen. Daar sal nie voldoende tyd wees om alles te bespreek nie, maar u kan dan 'n afspraak by die kantoor maak. Ons hoof is ook op afspraak beskikbaar indien u graag met haar wil gesels.

Verandering van ouers se kontakbesonderhede

Dit is in u eie belang en vir u kind se veiligheid dat ons informasie van u as ouers altyd korrek en op datum is. Laat weet ons asb onmiddellik indien die inligting aangepas moet word.

FINANSIES

'n Volledige lys met die uiteensetting van ons betaalbare fooie sal u inskrywingsvorm vergesel.

Verpligte skoolfonds:

Inskrywingsfooie is betaalbaar voordat u kind by Seeskulpie begin. Fooie moet voor die 7e van elke maand betaal word, oor 12 maande van die jaar. Een kwartaal skriftelike kennisgewing moet ingedien word indien u kind die skool gaan verlaat.

Die Skoolpakket kan uit die volgende bestaan:

1. Halfdag Ontwikkelingsprogram tot 12:00
2. Nasorg tot 17:00

Manier van betaling (Slegs maandelikse skoolgelde):

Internetbetaling aan,

J Oettle en vennote

ABSA Spaarrekening: 912 735 5545

Tak: 632 500

Verwysing: Rekeningnommer soos op rekeningstaat

'n Verskeidenheid van bedrywighede word in ons kurrikulum ingesluit om die kind ten volle te ontwikkel:

- ☺ Sportontwikkeling (vanaf 3 jaar)
- ☺ Audiblox (vanaf 4 jaar) ontwikkel die grondslag-vaardighede vir lees, spel, skryf, wiskunde en die vermoë om te leer
- ☺ Graad R leerders neem deel aan sportoefening (netbal, rugby, hokkie en krieket) saam met Longacres Privaatskool
- ☺ Ipad opleiding by Longacres Privaatskool

KULTURELE ONTWIKKELING (GRAAD R)

- ☺ Spreekkoor
- ☺ Skolekuns
- ☺ Skaak

ALLE ANDER GELDE AAN SEESKULPIE

Enige ander gelde vir die skool MOET APART in 'n banksakkie of koevert geplaas word, gooi dit in die blou posbus by die skool, met die volgende inligting daarop: *Kind se naam , Waarvoor, (bv. Snoepie, Fondsinsameling), Bedrag*

Buitemuurse aktiwiteite

Ons bied 'n wye verskeidenheid buitemuurse aktiwiteite aan om die kleuters se belangstellings in sport en kunste te stimuleer (teen ekstra betaling):

- Rhythm divine dance studio vir ballet (vanaf 5 jaar)
- Fun Gym gimnastiek, inleidend tot artistiese gimnastiek
- Beaux-Arts pottery klasse
- Kumon
- RSD Skills Rugby

In die geval van die bogenoemde buitemuurse aktiwiteite sal die aanbieder van die aktiwiteit vir u 'n koevert voorsien. Doen asb die betaling soos hulle verlang. Hierdie koeverte mag ook in die blou posbus by die skool geplaas word.

SKOOLORGANISASIES

Jaarprogram

Oueraand: Ons hou vroeg in die jaar 'n oueraand waartydens die ouers en onderwyseresse mekaar kan leer ken en uitvind oor die aktiwiteite in en rondom die klas.

Ouer Huisbesoeke: Tydens die tweede kwartaal besoek die onderwyseresse die ouers aan huis.

Ouerbesoeke: Die ouers is welkom om in die derde kwartaal 'n afspraak by die onderwyseres te maak om hulle kind se vordering te bespreek.

OOV: Die OOV vergader kwartaalliks en hulle is verantwoordelik vir die bemarking, 'n positiewe beeld uit te dra, asook fondsinsamelings en die instandhouding van die skool.

Fondsinsamelings: Die doel van fondsinsamelings is om geld in te samel wat aangewend kan word om die kwaliteit van die opvoedkundige program by Seeskulpie te verhoog.

Die bywoon van funksies saam met u kleuter is van uiterste belang vir hul ontwikkeling.

- ***Atletiekdag / Familiesportdag:*** Die hoogtepunt van ons eerste kwartaal bied vir die hele gesin groot pret en plesier. Die kleuters hardloop en die ouers kan aan die Boeresport deelneem.
- ***Winterdans:*** Tydens die winter is ons sop en sjerrie dans alreeds 'n gewilde geleentheid en baie "berug" vir die ouers se heerlike soppe en samesyn.
- ***Oupa en Oumadag:*** Tydens die tweede kwartaal nooi die kleuters hulle grootouers om 'n oggend saam met hulle te kom geniet.
- ***Eisteddfod:*** Elke jaar spog Seeskulpie met 'n slagorkes, spreekkoor en blokfluit ensamble wat elke graad R leerder insluit. Dit is vir ons 'n geweldige hoogtepunt en die kinders sien lank voor die tyd daarna uit. Vir die solosang en voordrag sal ons kinders inskryf wat die vrymoedigheid en selfvertroue het om deel te neem. Ons kinders se kunswerke word reeds van vroeg in die jaar versamel om ingeskryf te word.
- ***Kultuuraand:*** Die Graad R'e neem jaarliks aan die Kuns en Kultuuraand van Longacres Privaatskool deel.
- ***Entrepreneursdag, Mnr & Mej Seeskulpie:*** Ons Graad R'e bied hul eie Entrepreneursdag aan. Weke voor die tyd ontwerp hulle plakkate van dit wat hul op die dag gaan verkoop. Die plakkate word by die skool opgesit sodat hulle kan adverteer. Op die Saterdag verkoop hulle aan almal wat belangstel.

  Op dieselfde dag kry die kinders die geleentheid om aan die Mnr & Mej Seeskulpie deel te neem. Die doel is om die kinders met selfvertroue toe te rus en hul eie persoonlikhede te ontgin.

Konsert: Ons sluit die jaar af met ‘n konsert en elke kleuter kry die geleentheid om deel te neem. Ons graad R kleuters speel die hoofrolle en ontvang hul Gr R sertifikate.

Koerant: Skulpieskatte word aan die einde van die jaar uitgegee. In die spesiale boekie spog ons oor dit wat ons kleuters gedurende die jaar bereik het. Ouers wat belangstel om in die koerantjie te adverteer kan gerus die kantoor kontak.

Nuusbriewe en Kommunikasieboeke

Ons kom gedurende die jaar soos wat die behoefte daar is met u in aanraking deur middel van nuusbriewe. Aangesien ons graag u samewerking en ondersteuning verlang, vertrou ons dat u op hierdie skrywes sal reageer. Indien daar sperdatums by nuusbriewe betrokke is, reageer asb voortydig daarop om die administrasie te vergemaklik.

Elke kleuter kry ‘n kommunikasieboek wat belangrike inligting bevat oor dit wat in die klas gebeur het tydens ‘n betrokke tema. Die prente en kunswerke wat hierby ingesluit word is u kind se trots. U mag dit uithaal en in die huis ophang. Lees gerus die inligting om te verstaan wat u kleuter in die klassie baasraak en wat u kan saamstuur tot aanvulling van die volgende tema. Teken asb die boek en stuur dit die volgende dag weer terug skool toe.

Die Gr R kleuters kry ook ‘n tuiswerkboek sodat die ouers saam met hul kind werkies kan begin doen. Dit is slegs tot die kind se voordeel en moet nie as straf gesien word nie. Dit is vir hul lekker om tuis te kan spog met wat hulle bereik het.

Die Gr R kleuters het elkeen ‘n nuusboek, waarin die kleuters positiewe nuus moet inplak en die nuus in die klassie vir hulle maatjies kom vertel. Die kleiner kleuters deel ‘n nuusboek in die klassie wat weekliks na ‘n kleuter se huis toe gaan.

Kleuters in die Babaklas se kommunikasieboekie gaan daagliks huis toe. Die dag se roetines en gebeurtenisse word hierin aangeteken. Dit is in belang van u kleuter om dit saans te bestudeer en dit die volgende dag weer terug te stuur skool toe.

Skoolbywoning en medikasie

Tot voordeel van die personeel en ander kleuters is dit belangrik dat kinders wat siekerig is of aan aansteeklike siektes ly, liefs tuis versorg moet word totdat hulle gesond is. Die daaglikse program is besig en siek kleuters kan nie sonder toesig gelaat word terwyl die personeel hul pligte uitvoer nie.

'n Kindjie wat gedurende die nag 'n hoë koors gehad het sal nie gedurende die dag goed genoeg voel om sy takies te kan voltooi nie, hou u kleuter tuis totdat daar geen koors in 24 uur was nie.

Kleuters wat antibiotika neem moet eers na 24 uur vandat die antibiotika begin is terugkeer skool toe. Ons versoek egter dat kleuters onder drie jarige ouderdom eers op die 3e dag terugkeer skool toe. Dit is om te verhoed dat u kleuter ander aansteek en u kleuter self kans kry om te herstel, anders gaan die kringloop maar net voort.

Kleuters wat genoegsaam herstel het, maar steeds medikasie ontvang, se medisyne moet in die medisyne-boek by die kantoor ingevul word met duidelike instruksies. **Geen kleuter mag met medisyne in sy tas by die skool afgelaai word nie, dit is uiters gevaarlik.**

Kleuters met allergieë, diabetes, asma, 'n neiging tot koorsstuipe, ens. se toestand moet asb onder die aandag van die skool gebring word. Indien die kind vir 'n dag of langer afwesig is, moet u asb vir ons so spoedig moontlik in kennis stel.

Enige kleuter wat met kopluise besmet is se ouers word onmiddellik gekontak en die kleuter mag eers skool toe terugkeer sodra alles ten volle onder beheer is. Die skool help graag met raad en wenke. Dit is geen skande nie, maar kom wel algemeen voor met seisoensverandering. Tree betyds op om die verspreiding daarvan te voorkom.

Seerkry

Al die personeel by Seeskulpie kan noodhulp toepas.

Basiese seerplekkies word ontsmet en indien nodig toegemaak. In ernstiger gevalle, bv. val en snye, sal die kleuter eers gestabiliseer word. Ons sal altyd die ouers skakel en die nodige reëlings tref indien dit nodig is. Kinders kan maklik groenbreuke opdoen en u kan aangeraai word om x-strale te laat neem. Hierdie gevalle word in 'n boek aangeteken.

Potjie onderrig

Sodra 'n baba wat doek dra tuis begin om die toilet te gebruik, kan u die klasjuffrou in kennis stel en sy sal by die skool voortgaan om die roetine aan te leer.

Uitstappies

Uitstappies word gedurende die jaar gereël ter ondersteuning van die temas wat die kleuters in die klas behandel, dit is dus verrykend en baie opwindend. Betroubare vervoer word gebruik. Ons sal ook van tyd tot tyd mense van die gemeenskap na Seeskulpie nooi vir 'n opvoedkundige les.

Kleredrag en skoolsak

Trek ou klere skool toe aan. Let asb daarop dat u kind se naam op alle kledingstukke aangebring moet word. Kosblikkies, bottels en tasse moet ook duidelik gemerk word. Dikwels let kinders nie op wat hul soggens saamneem skool toe nie en herken dikwels nie hul besittings as dit verlore is nie.

Merk asb ALLES! Klere, skoene, tas, bottels en kosblikke.

Koop vir u kleuter 'n tas wat groot genoeg is vir al sy goed, veral as daar ekstra baadjies en skoene ingepak moet word. Seeskulpie kleredrag is nie verpligtend nie, maar dit is goed om dit aan te skaf. Die kleuters, veral die Graad R'e kan dit enige tyd dra, as hul op uitstappies gaan en veral tydens die Eisteddfod-tyd en optredes. Bestellings kan aan die begin van die jaar geplaas word.

Verversings en Verjaardae

U word versoek om sorg te dra dat u kind se kospakkie geen lekkernye en gaskoeldranke bevat nie. Droë en vars vrugte, grondboontjies, worsies, kaas, sap en bruin- of volgraanbrood bly gesonde hongerstillers.

Vrydae ontvang die kleuters as klasgroep hul snoepie. Elke klassie kry 'n beurt om koekverkoping te hou. Die koekverkopings vind een maal per maand plaas. U kan aan die begin van die maand die snoepiegeld na die klasjuffrou stuur.

Ouers is welkom om hul kind se verjaarsdag op 'n **Vrydag** in die klassie te vier. Ons vra egter dat dit dieselfde vorm sal aanneem as 'n ***gesonde kospakkie***. 'n Koek mag wel ingesluit word. Die partytjie sal dan die Vrydag se normale snoepie vervang. **Reël asb vooraf met u klasjuffrou.**

Vorderingsverslag

Waarneming en assessering is 'n deurlopende handeling en is om die volgende redes baie belangrik:

- Om realistiese teikens te stel vir elke individu
- Om die individu se swakker en sterker punte te leer ken
- Te bepaal of 'n kleuter die nodige vaardighede, waardes, kennis en gesindhede aangeleer het

Die kleuters ontvang op die volgende geleenthede 'n rapport:

Graad R, Maartmaand: 'n Verslag wat saamgestel is deur Nasionale Onderwys Kurrikulum riglyne te volg oor die kind se vordering en moontlike onderhoude met ouers indien uitvalle gewaar word

a) **Junie:** Volledige verslag volgens kurrikulum vereistes (en onderhoudvoering met die ouers)

b) **September:** Graad R leerders ontvang 'n verslag volgens kurrikulum vereistes
c) **Desember:** dieselfde rapport as Junie, maar van toepassing op die kleuter se vordering op die datum

Maart en Junie se verslae moet asb aan die begin van die volgende kwartaal terug skool toe gestuur word. ((Nie Graad R leerders nie))

Ouer Kind verhouding en ondersteuning

Ouers moet asb nie huiwer om leiding te vra nie. Ons onderwyseresse het almal uitstekende opleiding en genoeg ervaring om te kan help. Die skool sal, as dit nodig blyk, ouers kontak i.v.m. probleemareas en aanbevelings t.o.v aanvullende terapieë.

Speelgrond

Die speelgrond is so toegerus dat dit wonderlike geleenthede bied vir kreatiwiteit, sosiale interaksie en groei. Kinders se grootmotoriese vaardighede word optimum gestimuleer.

Kinders mag slegs speelgoed en boeke wat betrekking het op die temas saambring. Hulle word egter nie toegelaat om ander speelgoed saam te bring nie. Dit veroorsaak onenigheid onder mekaar, raak weg en breek. Maats en klasjuffrouens kan nie hiervoor verantwoordelik gehou word nie. Ons sal u samewerking in die verband waardeer.

Kleuters is soms geneig om van die skool se speelgoed huis toe te neem met die doel om daarmee te speel. Sal u asseblief toesien dat dit weer teruggestuur word. Dit moet nie as diefstal beskou word nie.

Afval en Rommel

Ons benodig altyd afvalprodukte vir ons aktiwiteite.

Indien u van enigiets ontslae wil raak stuur dit vir ons. Papier, koerante, papbokse, plastieksakke, ens is altyd bruikbaar. Laat weet asb indien u vir ons bruikbare afval kan bekom bv. hout, tou, knope, materiaal, ens.

Kinders hou veral ook daarvan om met ou klere te fantaseer. Hoë hak skoene is altyd 'n wenner! U kan ook enige skenkings maak in die vorm van ou speelgoed.

Temas

In die kantoor is 'n lys van die temas wat ons gedurende die jaar gaan bespreek. Ons neem telkens gepaste boeke by die plaaslike biblioteek uit om vir die kinders voor te lees.

Veiligheid

Ons kinders se veiligheid is vir ons 'n groot prioriteit en hulle werk en speel voortdurend onder die personeel se wakende oog.

Maak altyd seker dat u saam met u kleuter stap as julle skool toe kom of huis toe gaan. Kleuters is nie altyd bewus van moontlike gevare nie en ons as volwassenes moet dit voortdurend aan hulle uitwys en leer hoe om op te tree.

Geen kleuter sal toegelaat word om saam met 'n maatjie of 'n vreemde persoon huis toe te gaan nie. Dit sal slegs toegelaat word indien die ouers die KANTOOR gekontak het. Die persoon in die kantoor sal aanteken of aan die juffrou deurgee dat u toestemming verleen het.

Slegs ons ouers en die personeel maak ons voordeur oop en toe. Maak asb seker dat ons deur toe is, veral in die middag. Dit is ook vir u eie kind se veiligheid om die gewoonte aan te leer.

Dissipline

Seeskulpie bevorder liefdevolle, positiewe dissipline. Ons lei ons kleuters om deur ondervinding te leer en die vaardighede te ontwikkel om hul emosies en gedrag en die gevolge daarvan te verstaan.

'n Kort ouderdomsgebonde afkoeltyd (time-out) buite die groepie help ons om positiewe gedrag te herwin. Hierdie afkoeltyd is wel buite die groepie, maar die kleuter kan steeds waarneem hoe die groep sonder sy / haar negatiewe gedrag funksioneer. Na die afkoeltyd sal die kleuter weer na die groep terugkeer.

Kinders se waardigheid word voortdurend gerespekteer en verkleinerende gedrag sal nie geduld word nie. Soms is dit nodig dat 'n situasie verder gevoer word en die klasjuffrou sal 'n "ek"- boodskap oordra: " Ek kan sien dat jy kwaad is, maar ons kan nie 'n maatjie slaan nie." Indien dit nodig is sal 'n saak onder die ouers se aandag gebring word.

Die klasjuffrou sal situasies by die skool hanteer. Indien sy u nie daarvan verwittig nie, sien ons die saak as opgelos.

ORDE-KODE VIR KLEUTERS VAN SEESKULPIE

Skoolreëls moet universele waardes by die kind vestig en ouers moet hierdie vaardighede ook tuis help aanleer

- ✓ Basiese respek teenoor juffrou en die ander kleuters, ons groet mekaar in die oggend en die middag
- ✓ Ek moet altyd onthou waarom ek in die skool is: Om te leer en deur skoolaktiwiteite my nou alreeds voor te berei vir die lewe wat voorlê (groei)
- ✓ My maats is vir my belangrik. Ek sal altyd daarna streef om nooit aan 'n ander te doen wat ek nie aan myself gedoen wil hê nie (ondersteuning / dienslewering)

- ✓ Respekteer die eiendom van my maats en ook die skool (kwaliteit)
- ✓ Ek moet altyd binne die klas so optree dat ek nie 'n ander die reg om te leer ontsê nie (regverdigheid)
- ✓ Netheid en trots op ons skoolgebou is van groot belang (trots)
- ✓ Ordelike beweging in die skool is belangrik (groei)
- ✓ Behandel onderwyseresse met agting en respek (menswaardigheid)
- ✓ Tree met groot hoflikheid teenoor besoekers op (menswaardigheid)
- ✓ Eerlikheid moet vir elke leerder 'n saak van trots wees

ORDE-KODE VIR OUERS VAN SEESKULPIE

- ❖ Deur die handhawing van die onderwyseres se gesag en die onderskraging van die kind se vertroue in sy onderwyseres, ondersteun die ouers die opvoedingsgebeure
- ❖ Ouers en onderwyseresse moet as vennote saamwerk om verwarring by die kind te voorkom in die strewe na eenvormige opvoeding. Wedersydse en volgehoue kommunikasie speel 'n sleutelrol. Dit word egter beklemtoon dat die ouer steeds ten alle tye die primêre opvoeder van die kind is

  - ✪ Ter wille van die skep van 'n goeie opvoedingsklimaat, word ouers versoek om die onderstaande te respekteer:
  - ✪ Die bespreking van kinders met onderwyseresse moet liefs nie in die kinders se teenwoordigheid plaasvind nie
  - ✪ Bespreking van onderwyseresse in die teenwoordigheid van die kinders ondermyn nie net die gesag van die onderwyseres nie, maar is ook uiters afbrekend vir die onderwysgebeure
  - ✪ 'n Positiewe gesindheid teenoor die skool en sy personeel dra by tot die positiewe gesindheid van die kind

LONGACRES PRIVAATSKOOL

Longacres Privaatskool is in 2013 gestig. Graad R leerders sal nou outomaties vanaf Graad R by Seeskulpie na Graad 1 by Longacres Privaatskool oorskakel. 'n inskrywingsfooi is eenmalig betaalbaar.

Skoollied

Vat nou handjies almal saam
Help mekaar of ons speel of werk
Dit maak kinders fluks en sterk,
As hul elke dag hul bes probeer
Hier leer kinders versies sê, dansies doen, skryf en sing.
En as ons na die grootskool gaan
sê hul: Waar kom al die slimmes tog vandaan?
Skulpieskool het ons geleer,
Skulpieskool het ons geleer.
Hoera!
There is a school in Langebaan,
Seeskulpie is its name
Seeskulpie, ja
Seeskulpie, ja
Seeskulpie is its name!

By voorbaat baie dankie vir u vriendelike samewerking en ondersteuning. Kom ons sterk mekaar se hande en maak van u kind se jare by Seeskulpie 'n onvergeetlike lewenservaring.

HOOF: PETRIE OETTLE